

7 November - TEMPEL

Skrifgedeelte: Psalm 27
Fokusgedeelte: Psalm 27:4

Dawid begin so met sy begeerte: “*Net een ding het ek van die Here gevra ...*”

Dawid sou seker ook ander dinge kon vra. Hy beklemtoon een ding omdat dit bo alle behoeftes uitstaan. Hy vra om in die huis van die Here, die tempel, te woon.

Hoekom in die huis van die Here woon? *Om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.*

In die ou Afrikaanse vertaling staan daar “*om die lieflikheid van die Here te aanskou*”; die *aanskou* beteken letterlik nog *om met verrukking van vreugde te sien* – inderdaad om die goedheid van die Here te belewe.

Die aanskou is nie die sien van die Here soos ons ’n mens kan sien nie. Niemand kan die Here sien en bly lewe nie. Dawid sien die Here in sy afskynsel soos dit in die plan van die tempel en in die offerdiens en die gebruike, soos deur die Here voorgeskryf is, na vore kom. In daardie dinge het die Here sy hemelse dinge, sy goedheid, self sigbaar gemaak.

In die Hebreërbrief maak die Here sy goedheid in Christus vir ons in die beelde van die tabernakel/tempel bekend. Moses moes alles maak na ’n voorbeeld. Die aardse tempel was maar net ’n afbeelding van die hemelse. Die tempeldiens was maar net ’n skaduwee van die werklikheid wat in Christus sou kom. Dawid kon die goedheid van God in Christus reeds in die tempel sien.

Hoe heerlik dan die boodskap van Hebreërs 10:19-20: *Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op ’n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.*

Ons het meer as wat Dawid hom kon indink – toegang tot die allerheiligste van die hemelse tempel. Laat ons dan ingaan om naby God te wees en om sy goedheid te belewe!

Sing: Psalm 84:1(1936-beryming)

Ds PA Odendaal (Harrismith en QwaQwa)